Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Overstrand se behuisingsprojekte op dreef

In samewerking met die implementeringsagent Motlekar het Munisipaliteit Overstrand verskeie projekte van stapel gestuur om in die nypende behoefte aan volhoubare behuising in die gebied te voorsien. Soos per die munisipaliteit se mees onlangse vyf-jaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan is die voorsiening van behuising 'n langtermyn-onderneming wat in fases geïmplementeer word en, afhangende van die befondsing wat deur die Wes-Kaapse Regering toegewys word, 'n hele paar jaar kan neem om af te handel.

As 'n aanvanklike fase het die voorsiening van dienste aan alle persele wat vir behuisingsontwikkeling geoormerk is in die 2014/15-boekjaar 'n aanvang geneem en is, met die uitsondering van Swartdamweg C2 en Admin Site (sien detail hieronder), in dieselfde tydperk afgehandel. Die oprig van top strukture word as afsonderlike projekte gehanteer en sal nadat goedkeuring van die departement van menslike nedersettings verkry is, in die huidige boekjaar 'n aanvang neem. *'n Oorsig van die onderskeie projekte, tesame met 'n verduidelikende kaart waarop die tersaaklike areas aangedui word, word hieronder verskaf:*

OVERSTRAND SE BEHUISINGSPROJEKTE - 2015/2016

Mt Pleasant

- Bestaan uit 194 persele in totaal, waarvan 172 vir gesubsidieerde HOP-behuising en 22 vir GAP (middel-inkomste) -behuising geoormerk is.
- Alhoewel al 172 HOP-persele reeds gediens en gereed vir ontwikkeling is, laat die huidige begroting bouwerk op slegs 100 van hierdie persele toe.

"Cemetery Site"

"Sport Field Site"

Swartdamweg

Hierdie projek bestaan uit drie dele:

- Deel 1 - "Site A" bestaan uit 48 gedienste persele vir HOP-behuising. Bouwerk op hierdie persele is op die huidige begroting, en ontwikkeling sal 'n aanvang neem sodra die kontrak met die provinsiale regering gefinaliseer is.
- Deel 2 - "Site B" bestaande uit 131 gedienste persele is ook vir HOP-behuising geoormerk. Bouwerk op hierdie persele sal by volgende jaar se begroting ingesluit word.
- Deel 3 - "Site C" bestaan uit 150 persele wat vir GAP-behuising bedoel is. Alle persele is gediens en gereed vir ontwikkeling.

Zwelihle

Gemik op die opgradering van informele nedersettings, gaan hierdie projek 'n impak op verskeie areas hê, synde:

- "Garden Site" waar 58 persele reeds ten volle gediens is en waar daar in die huidige boekjaar vir bouwerk begroot is;
- "Mandela Square" waar ontwikkeling nog nie 'n aanvang kon neem nie omdat die huidige grondbewoners tydelik hervestig moet word. In hierdie verband wag die munisipaliteit ook tans om te hoor wat die uitkans van 'n aansoek om befondsing aan die provinsiale regering was;
- "Admin Site", bestaande uit 164 persele, is rondom die behuisingsafdeling se adminkantore in Zwelihle geleë, en daar word voorsien dat die installering van dienste hier teen die einde van Maart 2016 afgehandel sal wees; en
- "Swartdamweg Site C2" waar die installering van dienste vir 132 persele in die vorige boekjaar 'n aanvang geneem het en teen die einde van Maart 2016 afgehandel behoort te wees.

"Garden Site - 58 erven"

"Mandela Square - 83 erven"



"Housing Admin Site - 164 erven"

"Service Site - 132 erven"

Waar om krag te koop

Stories doen die rondte dat voorafbetaalde elektrisiteit slegs by munisipale kantore gekoop kan word. Dis eenvoudig onwaar. Jy kan 'n koopbewys by verskeie verkooppunte in Overstrand koop, of 'n handige Internet-opsie gebruik om jou meter te herlaai.

Alhoewel die munisipaliteit probleme ondervind het met sekere derde partye wat voorafbetaalde elektrisiteit aan verbruikers verkoop het, is daardie probleme nou opgelos en is voorafbetaalde elektrisiteit geredelik beskikbaar by alle verkooppunte wat hieronder gelys word.

Nog 'n handige opsie vir verbruikers wat toegang tot die Internet het, is om op die webwerf PayCity te registreer waarna elektrisiteit gekoop en voor betaal kan word deur fondse of elektronies oor te dra of deur van 'n kredietkaart gebruik te maak. Indien jy die kredietkaart-opsie gebruik, sal die unieke aktiveringskode wat nodig is om die eenhede waarvoor jy betaal het, te aktiveer binne sekondes in die vorm van 'n SMS na jou selfoon aangestuur word.

VERKOOPPUNTE VIR VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT

HANDELSNAAM	ADRES	AREA
Flamingo Tuckshop	Leeubekkiestraat 31	Blompark
Blompark Inn Liquor	Viooltjiestraat 5	Blompark
OK Value	Schneiderstraat 72	Franskraal
Gansbaai Supermarket	h.v. Franklin- en Hoofstraat	Gansbaai
OK Foods	Hoofweg 45	Gansbaai
Gansbaai Spar	Winkel 1 Gansbaai Gateway -sentrum	Gansbaai
Belmont Cash & Carry	Seeswaelsingel 3	Gansbaai
Emmanuel Tuisverkope	Kanostraat 22	Gansbaai
Kekkel en Kraai	Hoofweg 64	Gansbaai
Beach Road	Kusweg 107	Hawston
Meltons Place cc	Essexweg F59	Hawston
Hawston Superette	Kerkstraat 408	Hawston
Hawston Service Station/ Marine Superette	George Viljoen-straat	Hermanus
Village Foods	Langstraat-arkade	Hermanus
HM Service Centre (Engen)	Hoofweg	Hermanus
Cheap-Cheap	Siyoni-straat 7	Hermanus
Gateway Spar	Gateway-sentrum	Hermanus
Yorke Cash & Carry	Swartdamweg 21	Hermanus
Total Hermanus	h.v. Hoof- en Mimosastraat, Industria	Hermanus
Hermanus Auto Shop	Hoofweg 40	Hermanus
OK Mini Mark	Sewende Straat 76, Voëlklip	Hermanus
Pick 'n Pay	Hoofweg 34	Hermanus
Kleinbaai Superette	Geelbekstraat 1	Kleinbaai
Meat Palace & Grocers	Hoofweg	Kleinmond
Cash U Store	Proteaweg 1	Kleinmond
Sasol Kleinmond	Hoofweg 80	Kleinmond
OK Minimark	Hoofweg 53	Kleinmond
Ocean Fisheries	Kalkoenjiestraat 46	Kleinmond
Superspar	Hoofweg, Spar-sentrum	Kleinmond
Mount Pleasant Superette	Malvastraat/weg 124	M Pleasant
Onrus Garage	Hoofweg 16	Onrusrivier
Pearly Beach Minimark	Kortmarkstraat 12	Pearly Beach
Stanford Superette	h.v. Skool- en Kannemeyerstraat	Stanford
Stanford Caltex / Abrina	Daneelstraat 26	Stanford
Mayeki Spaza Shop	Hlobo-weg 173	Zwelihle
Sibulele Spaza Shop (Nancy)	Zithande-straat	Zwelihle

AANDAG ALLE VERSKAFFERS: REGISTRASIE OP WES-KAAPSE VERSKAFFERDATABASIS NOU 'N VOORVEREISTE

As 'n eerste stap in die rigting van 'n provinsiewye gesentraliseerde e-verkrygingstelsel het Overstrand se eenheid getaak met voorsiening-skanaalbestuur onlangs 'n area-wye veldtog onderneem om plaaslike sakeondernemings met hul registrasie as voorkeurverskaffers op die Wes-Kaapse Verskafferdatabasis (WKVD) van hulp te wees.

In wese het die WKVD ten doel om die rompslomp te verminder waaraan alle verskaffers onderwerp word wanneer hulle tenders aan plaaslike en/of die provinsiale regering moet voorlê. Deur op die WKVD te registreer, hoef verskaffers hul eiebewyse slegs een keer in te dien en sal, as 'n bykomende aansporing, oor alle komende tendermoontlikhede binne hul vakgebied ingelig word wanneer sulke geleenthede ook al opduik.

Alhoewel die keerdatum vir registrasie 1 Augustus 2015 was, kan vorms steeds via die munisipaliteit se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za vir registrasie afgelaai word. So nie kan belangstellende verskaffers ARIBA, die WKVD se diensverskaffer, regstreeks via supplierdatabase@ariba.com of www.Ariba.com kontak.

Enigeen wat hulp met die voltooiing van die verlangde vorms en/of enige bykomende inligting verlang, is welkom om 'n e-pos te rig aan ithesen@overstrand.gov.za. Vir u gerief sal 'n verskaffersdag van 10:00 - 15:00 op 9 September 2015 in die Banketsaal (Hermanus) gehou word om hulp met die invul van die databasisregistrasievorms te verleen.

PUBLIEKE KENNISGEWING

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT
BEPALING EN VOORBEREIDING VAN OORLEGSONES VIR INSLUITING IN DIE OVERSTRAND MUNISIPALE SONERINGSKEMA

UITNODIGING NA PUBLIEKE INLIGTING VERGADERINGS TER BEKENDSTELLING VAN DIE OORLEGSONE KONSEP EN VERSOEK OM PUBLIEKE INSETTE.

Die voorbereiding van area-spesifieke Oorlegsones vir insluiting in die Overstrand Geïntegreerde Soneringskema, soos gepromulgeer op 29 November 2013, is 'n inisiatief van die Overstrand Munisipale Raad. Publieke inligtingsvergade-rings met betrekking tot die projek sal soos volg gehou word:

- Hermanus Ouditorium, 31 August 2015 (17:30 - 19:30)
- Kleinmond Raadsaal, 01 September 2015 (17:30 - 19:30)
- Stanford Raadsaal, 02 September 2015 (17:30 - 19:30)
- Hawston Thusong, 03 September 2015 (17:30 - 19:30)
- Gansbaai Raadsaal, 04 September 2015 (17:30 - 19:30)

Informasie sal ook beskikbaar wees by die Kleinmond, Hermanus en Gansbaai Biblioteke en op die Overstrand webtuiste vanaf 31 Augustus 2015. Geskrewe kommentaar kan gerig word aan Urban Dynamics Western Cape (Pty) Ltd. deur gebruik te maak van die volgende kontakbesonderhede, voor of op 18 September 2015: URBAN DYNAMICS WESTERN CAPE (PTY) LTD: Posbus 2445, Bellville, 7535 / Faks: (021) 948 1588 / E-pos: jaco@udwc.co.za

Geregistreer om te Stem?

Besoek gerus die OVK se kantoor om jou status op die kieserslys na te gaan

Voornemende kiesers word aangemoedig om by die plaaslike OVK-kantoor om registrasie as kieser aansoek te doen. Die kantoor is geleë te Winkel 4A, Twin Gables-gebou, High-straat 26, Hermanus.

Om vir registrasie te kwalifiseer, moet jy persoonlik aansoek doen en:

- 'n Suid-Afrikaanse burger
- Minstens 16 jaar oud (jy kan slegs vanaf 18-jarige ouderdom stem)
- In besit van 'n groen SA-stafiekode-identiteitsdokument of slimkaart-ID wees.

Kiesers wat sedert hul laaste registrasie van adres verander het, word ook aangemoedig om hul registrasiedetails by die plaaslike OVK-kantoor op te dateer.

SMS jou ID-nommer na 32810 of skakel 0800118000 (tolvry) om jou registrasiestatus na te gaan.

Om nadere besonderhede, kontak asseblief die verkiesingsprojek-koördineerder, Mosili Koloko, by 028 312 1464.

O·A·K
overstrand arts • kunste

SEPTEMBER 'N MAAND VIR MUSIEKLIEFHEBBERS

Musiekliefhebbers gaan die voorreg hê om gedurende September twee konserte by te woon wanneer Overstrand Arts/Kunste (OAK) as gasheer vir wêreldklasmusici optree.

Nina Schumann & Luis Magalhães

Op Sondag 6 September gaan die Magalhães-Schumann-duo (**Nina Schumann en Luis Magalhães**), beter bekend as TwoPianists, Bach se Goldberg-variasies en ander werke op twee klaviere speel.

Op Sondag 20 September gaan **Hrachya Avanesyan**, 'n Armeensgebore violis uit België, die gehoor op sy Antonio Stradivarius 'Piatti'-viool uit 1717 inspireer. As 'n tiener het hierdie jong violis die eerste prys by die Yehudi Menuhin-kompetisie gewen.

Hrachya Avanesyan

Beide konserte begin om 15:30 in Hermanus se ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir skoliere) en is beskikbaar by die deur of van BELLINI op 028 312 4988. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir ander navrae.